Goedkoop Genade?

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Jes.43:21-25 (Bykomende Skrif: Num.14: 11-12,17-24)
Teks: Jes.43:22

'n Pa, wat finansieel baie swaar gekry het maar tog sy gesin goed wou versorg, vertel hoe hy al sy spaargeld bymekaar geskraap het en boonop 'n klomp geld moes gaan leen omdat hy vir sy seun wat toe eerste jaar op Universiteit was, 'n netjiese motorkar gekoop het. Die pa het dit goed gedink om die outjie te help dat hy selfstandig oor die weg kan kom. Hy het natuurlik ook 'n maandelikse bedraggie vir sy seun gegee vir die motor se brandstof en instandhouding. Die seun het vir sy pa dankie gesê en is daar weg.

Na die eerste semester, toe die outjie huis toe kom, was die kar duidelik nog nooit gewas nie. Die kar was verwaarloos en vol skrape en stampmerke. Binne het die kar vol bierblikke drankbottels en sigaretstompies gelê. Die nuwe kar het soos 'n wrak gelyk. Boonop het die pa 'n brief van die universiteit gekry dat die outjie nie eers een vak deurgekom het nie. Die pa was diep teleurgesteld en het besluit om maar eers kalm te bly. Hy vra toe vir sy seun: "Seun, hoe ry die nuwe kar wat pa vir jou gekoop het?" Die seun antwoord: "Sleg! Die kar is te klein en die brandstofgeld is te min." Hoe dink u het die pa in sy hart gevoel? Natuurlik was die pa uiters teleurgesteld in sy seun. Sy seun moes na die universiteit gaan om te studeer. Hy was duidelik nie besig om sy aandag by sy akademie te bepaal nie. Sy seun het nie net sy geld misbruik nie, maar ook sy liefde vertrap. Wat dink u sou die pa doen? Sou hy vir sy seun 'n nuwe groot motor koop? Ek glo nie, selfs al het hy die geld gehad sou hy waarskynlik dit nie gedoen het nie.

In 'n sekere sin is dit wat ons met God doen. Ons het mettertyd so gerieflik geword dat ons God se genade goedkoop gemaak het.

1. Die genade van God.

Wat is die genade wat God aan ons betoon het? Die Bybel is duidelik dat ons as mense almal in sonde ontvang en gebore is. **Ons verlossing van sonde is suiwer genade. Ons verdien dit nie.** Tog het die Vader Sy seun Jesus Christus na hierdie

wêreld gestuur om vir jou en my sonde aan die kruis te betaal en die verhoudingsbreuk wat daar tussen ons en die Heilige God is, te herstel. **Ef.2:8-10** sê: *"Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julle self nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."*

Ek wil ook vra dat u baie mooi na die laaste deel van die vers kyk. Wat was die doel waarvoor God ons herskep het? *"In Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het."* Dit beteken dat ons elkeen iewers in God se Plan 'n spesiale taak het. God se plan is vir ons nie 'n geheim nie. Hy vra duidelik dat ons elkeen sy dissipel sal wees en sal meehelp in die uitdra van die evangelie boodskap (Mt28:19) en Hom daardeur sal verheerlik. Hy vra ook dat ons as dissipels sekere waardes in ons lewe sal uitleef (1Joh.2:6).

2. God se genade word goedkoop gemaak

In die kerk geskiedenis leer ons hoe die Rooms-Katolieke kerk op 'n stadium die aflaatstelsel in gebruik geneem het. Mense het in sonde geleef en dan kon hulle selfs na hulle gesterf het deur hul familie uit die hel vrygekoop word deur geld aan die kerk te gee. Die mense het ook al meer in sonde begin leef.
Toe het daar iewers langs die pad die besef gekom dat mens nie so kan leef nie. Sommige gelowiges het besef dat hulle God goedkoop maak. Hulle het besef dat hulle lewe heilig moet wees. Daarom het hulle hul teruggetrek in kloosters en hul gaan afsonder voor God. Hulle wou graag God weer op 'n dieper wyse dien. Daardeur het hulle hul egter weer van die wêreld onttrek en was hulle nie sout vir die aarde en lig vir die wêreld nie. Die Hervorming van Maartin Luther wou dit regstel. Gou het die slagspreuke "sola fidei, en sola gratia" (deur geloof en genade alleen gered) weerklink.

Die fout is herstel. Almal het besef dat mens alleen net deur geloof in God, en deur God se genade gered kan word(Ef.2:8-10).
Die pendulum het egter geleidelik weer na die ander kant begin swaai. Die kerk het die genade kant van God se evangelie verkondig, maar nagelaat om ook dit wat God van ons verwag, te beklemtoon.

Geleidelik het dit weer aanleiding gegee tot die probleem dat die geredde sondaar begin glo het, ek kan sondig soveel ek wil want God spreek my vry. God vergewe maar net weer elke keer. Opregte berou oor verkeerde lewenstyle wat God duidelik in Sy Woord verwerp as sonde, het mettertyd aanvaarbaar geword.

Dit is bv. nie meer vandag snaaks dat mense hulself 'n Christen noem en dan dinge doen wat God diep teleurstel nie! 'n *Praktiese voorbeeld is seks buite die huwelik*. Ons het dit mooi woorde gegee soos "saam woon". Ons redeneer, mens moet darem eers kyk of die verhouding sal slaag. Die koerante basuin hierdie standpunte daagliks uit. Bekende vermaaklikheid sterre soos Steve Hoffmeyer erken openlik dat seks met verskillende vroue nie iets is om oor skaam te raak nie. Die mense gee nie om nie. Hulle bly sy aanhangers en hulle sê eenvoudig "what ever" en gaan aan asof niks gebeur het nie! Tot tagtig present van studente verkeer seksueel aktief en so gaan die kampus lewe voort. Skoolkinders volg dit na want hul ouers stel nie 'n ander voorbeeld nie.

Snaaks, dit is dikwels juis hierdie mense soos Steve Hoffmeyer en kie, wat die felste kritiek lewer teenoor die kerk! Waarom? Dalk omdat die "Kerk" self 'n paar flaters begaan en teoloë verwarrende uitsprake lewer.
Die stem van die gelowige kerk, word stil en predikers kry al minder vrymoedigheid om sonde te ontbloot en gelowiges uit te daag om soos ware dissipels van Jesus te leef omdat hulle self nie meer so leef nie!.

- God roep vanoggend vir jou en my om terug te keer na Hom. Om soos Josua op te staan vir God en te sê ek en my huis, ons sal die Here dien(Jos.24:15).

Die insig van duur genade (die prys wat God vir my betaal het om my vry te koop van sonde)**, gryp ons nie meer in die hart aan nie. Die eise wat God aan sy verloste kinders stel** (ja, die ideaal wat God vir my en jou het)**, het ons verwater tot goedkoop genade sonder dissipelskap.**

Diegene wat hul lewe wil dissiplineer en voorbeeldig wil lewe is mettertyd beskuldig as konserwatief of outyds. Hulle word uitgelag dat hulle hul energie vermors deur onnodig gedissiplineerd te lewe.

My hart krimp ineen oor hierdie situasie. Vandag het dit die grootste siekte in die kerk geword, **dat ons God se genade goedkoop gemaak het**. **Die meerderheid gelowiges leef argeloos en minagtend teenoor God. Daar is nie die lus of begeerte om opofferinge vir God te maak en in toewyding in 'n persoonlike verhouding met Hom te leef en Hom van harte te dien nie!**

Wat bedoel ek daarmee? Ons gesindheid teenoor God, het begin word soos die illustrasie van die student wat sy kar verniet by sy pa gekry het.

Toe ek die week saam met een van my voorbidders gebid het (nog voor die voorbereiding van die preek), het ons besef, waarskynlik preek ek vandag vir die verkeerde groep mense. Waarskynlik sal die meeste van die wat nou in die kerk sit, in 'n toegewyde verhouding met God leef. Hoe moet ek dan hieroor praat?

Ek het hieroor gebid en vir die Here gevra hoe keer mens die siekte (van ons tyd) van Goedkoop genade om? Die Here het vir my gesê praat met die wat my lief het. Verduidelik vir hulle wat naby my wil leef, wat ek van hulle verwag. Vra hulle om die eerste geloofstreë te gee en radikaal vir My te leef! Vra hulle om so uit te staan met ontsag en 'n heilige lewe, dat dit vir die hele volk duidelik sal wees wie Ek is. (Lev.10:3) "Wie 'n offer vir My bring, moet besef dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees."

- **Nou weet u waarom u hier is. Die Here wil dus vir jou as dissipel gebruik, as instrument om die situasie om te keer. Stel u dus fyn in op God se stem.**

3. Die gevolge van goedkoop genade

Die gevolge van hierdie leefstyl om God se genade as goedkoop te maak, is skrikwekkend (Onthou ons praat nie van ongelowiges nie, maar van gelowiges!). **Christene wat so leef, dink as hulle gered is, is dit voldoende! Hulle steur hulle nie aan die eise van dissipelskap nie.** Jesus sê: *"Hy wat nie sy kruis dra en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie." (Mt.10:37-38).* Hulle steur hulle nie aan dit wat God van hul verwag nie. Hulle leef argeloos en minagtend teenoor God. Enige opoffering is vir hulle te swaar. Om heilig en onberispelik te leef is te veel moeite.

- 1. Die eerste aspek wat in sulke gelowiges se lewe verwaarloos, is hul **persoonlike verhouding met God**. Hulle vertrou God nie meer nie met hul daaglikse behoeftes nie. Hulle maak hul eie planne. God verskuif uit die sentrum van hul lewe. Hulle verwater hul Bybelstudie en gebedslewe. Hulle verlang en soek nie meer na die wil van God nie. Dis nie meer vir hulle

belangrik om binne God se wil te lewe nie! Hulle hoor nie meer God se Gees wat hul wil begelei en agter hulle praat en sê: hier is die pad, loop hier langs" nie (Jes.30:21)

- 2.**Wie nie deur die Gees lewe nie, raak kragteloos**. Jou ervaring van God se wonderwerkende krag verdwyn. Jou getuienis van God se wonderwerke krag word gevolglik ook stil. Sulke mense het later niks meer om oor te getuig nie! Hulle is geestelik dood. Mors dood, soos dooie hout wat nog bly sit aan 'n lewende boom.
- 3. Omdat God nie meer in die sentrum van hul lewe is nie, is dit ook **nie meer vir hulle belangrik om God te eer nie.** Hulle eie gerief en voorkeure weeg vir hulle swaarder as die behoefte om God te eer! (Jes.42:8 sê: "Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie").
  As dit nie meer vir jou belangrik is om God te eer nie, sal jy bv. nie meer moeite doen om getrou kerk toe te kom en God met jou teenwoordigheid te eer nie! Sulke mense kla oor alles want dit gaan uitsluitlik oor hul eie gerief! Die preek-, die klank-, die musiek-, die tyd-, die sang- niks is vir jou later goed nie. Ons verval later in "churchhopping" omdat dit oor my smaak en my gerief gaan! (Ek sê nie dat kerk nie lekker mag wees nie. Ek beklemtoon net dat alles later om jou eie selfsug en gerief gaan).
  Daarteenoor sal iemand wat toegewy aan God leef nie oor die randsake omgee nie. So iemand sal besef God het my geroep om 'n verskil te maak met my gawes en talente. Ek is Sy dissipel. Dit gaan nie oor my nie, maar oor God!
- 4. Christene wat God se genade goedkoop maak sal later ook **Sy Woord goedkoop maak** en hul letterlik **nie meer aan God se eise van dissipelskap steur nie!** Hulle het geen dankbaarheid teenoor God vir hul verlossing nie! Hulle verlossing het dalk vir hulle te maklik gekom. Hulle besef nie watter prys God vir hulle betaal het nie. Daarom sal hulle bv. nie 'n tiende van hul inkomste vir God gee nie. Hulle probeer ook nie heilig en onberispelik lewe nie, want almal lewe dan so en kom niks oor nie. Hulle beskou nie meer hul liggame as 'n tempel van God nie, daarom begin hulle geleidelik saam met die wêreld in sonde leef.

Al hierdie dinge gebeur so geleidelik dat niemand ongemaklik voel nie. Dis soos die bekende voorbeeld van die padda wat jy skielik in warm water gooi en dan uitspring. As Jy die padda egter in koue water sit en die water geleidelik

warm maak, kan jy die padda dood kook! (Ek dink menige Christene is nou daar op die amper dood gekookte fase.)

4. Wat is God se reaksie?

God is teleurgesteld wanneer Sy kinders nie moeite doen om Hom te dien nie. In Jesaja sien ons iets van God se **verwagtinge**, maar ook iets van Sy **teleurstelling** met Israel.

- Eers spreek God opgewonde verwagting uit vir sy kerk. Hy sê: (**Jes.43:21)** *"Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig."*
- En dan volg Sy teleurstelling met Sy kerk (volk) in die volgende verse *(**Jes.43:22,24**): **"Maar jy het My nie aangeroep nie, Jakob, jy het nie moeite gedoen om My te dien nie,** Israel." "Jy het nie geld uitgegee om vir My wierrookoffers te koop nie, en jy het My nie met die vet van offers verkwik nie. Inteendeel, jy het My belas met jou sondes, jy het My moeite aangedoen met jou oortredinge".*
- Ons aanbid vandag nog dieselfde God. God sal dus vandag nog dieselfde voel en dieselfde reageer wanneer ons Sy genade goedkoop maak! ***Wanneer God so met my praat, word ek skaam en wil ek huil!*** Wanneer ek besef dit is hoe God oor my, Sy kerk voel, voel dit vir my **dit is genoeg rede om voor God te kniel, te huil, te vas en om vergifnis te smeek vir my argeloosheid teenoor Hom.** Voel u ook so?

Dit is nie net in Jesaja wat die Here so praat nie. Ons vind hierdie hartseer taal van God op verkillende plekke in die Bybel.

Nog so 'n voorbeeld vind ons nadat God die Israeliete uit Egipte gelei het en hulle op die punt staan om die beloofde land in te gaan. Die Here het vir Moses gevra om verkenners na die beloofde land uit te stuur. Daarna kom die verkenners terug. Net Josua en Kaleb was positief en wou die land wat God as geskenk vir hulle gee, in besit gaan neem, maar tien van die twaalf was negatief en begin negatiewe gerugte oor die land versprei (Num.13:32-33). Hulle het die land se mense as Reuse beskou en hulleself as nietige sprinkane. Hulle moed het hul begewe en hulle wou geen risiko neem nie. Hulle was bang hulle word dood gemaak en hulle het vergeet watter almagtige God aan hul kant is.
Lees God se teleurstelling oor hulle optrede: Num14:11 *Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?"*

Die vraag is altyd. **Hoe sal God reageer as ons in Miederpark God se genade verag en goedkoop maak?** Met ander woorde Hoe sal God reageer as ons aanhou om nie kerk toe te kom nie, aanhou om in sonde te volhard, aanhou om Sy eise van dissipelskap te ignoreer? Sal Hy ons sonde straf?

- **God se reaksie staan reeds vir ons opgeteken in die Bybel.** Kyk hoe het God teenoor hierdie verkenners gereageer. Hy sê: *"Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei, en dan sal Ek jou 'n volk maak, groter en sterker as hulle!* ***Num14:12.***
    - **Moses het hierna begin pleit om genade.** Hy onthou God se woorde van Exo.34:7b Hy haal dit weer aan en sê U het tog self gesê: *"Ek die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie… vergewe dan tog hierdie volk in U groot liefde, soos U hulle van Egipte af tot hiertoe vergewe het!"(****Num.14:17-19****).*

  Let nou op God se reaksie. God antwoord Moses: "*Ek vergewe hulle, soos jy gevra het.* ***Nogtans,… nie een van hulle wat My geminag het, sal die land sien nie****." (verse 20-24)*
- ***Num.14:33*** *"Julle kinders sal veertig jaar lank in die woestyn rondtrek. Hulle sal die gevolge van julle ontrou moet dra totdat julle almal se lyke in die woestyn lê."*

U sien dus, die werklikheid is as jy en ek nie die Here van harte wil dien en volg **nie. As ons Hom nie met moeite wil dien en <u>EER</u> nie. As ons nie bereid is om** <u>ons kruis op te neem en Hom te volg nie</u> (Mt.10:37-39 en Mt.16:24-27) en selfs ons lewe vir God af te lê as dit moet nie. As ons nie bereid is <u>om heilig en onberispelik te lewe</u> soos God in Sy woord pleit nie (1Kor.3:16 en 1Kor.6:19-20) en besef dat ons liggame 'n tempel van God is nie, moet ons weet God sal ook met ons handel!

- **Dit sal vir God niks wees om ons net soos Israel te straf en al die seëninge <u>wat Hy begeer het om oor ons en Sy gemeente uit te stort</u> doodeenvoudig terug te hou vir 'n volgende geslag, of verbygaan na die gemeentes (wat soos Josua en Kaleb) wat Hom getrou dien nie.** <u>God sal Sy seën en herlewing slegs gee aan die wat dit waarlik begeer en waarlik ernstig is om Hom te dien.</u>

- Die Bybel sê dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val. **Heb.12:28** sê*: **Laat ons God (dankbaar) dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is'n verterende vuur."***
- **Mt.10:28** *sê: "Moenie bang wees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan."*

5. Nou wat gaan ons as Sy kerk nou maak? Wat gaan u en ek doen?

God vra: begin leef soos ware dissipels van Jesus.

Dissipels leef verbind aan die persoon van Jesus. As Christus roep, volg die dissipel.

- Verdiep jou verhouding met God. Dit begin in jou persoonlike stiltetyd.
- Stel jouself tot God se beskikking. Gehoorsaam God in alles. Gehoorsaam veral Sy Woord.
- Glo in God se almag.
- Leef deur Sy Heilige Gees Krag.
- Bid deur die Gees.
- Eer God. (Woon Sy eredienste by. Leef heilig ens.)
- Getuig van Sy almag! Onthou ware dissipels staan vir God uit in hierdie wêreld. Hulle is'n lig vir die wêreld! **Hulle stel'n voorbeeld. Hulle getuig!**

Mag God nie by ons verbygaan nie. Mag Hy ons gemeente seën met herlewing!

Mag Hy vir ons sê: *"Maar omdat my dienaar Kaleb'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit" Num.14:24*

Amen